View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by AJOL - African Journals Online

In die teenswoordige tyd geskied die dinge met 'n snelheid wat vroeër ongekend was. Die begrippe van afstand het ingekrimp en daarmee ook die begrippe van tyd. Twee wêreldoorloë het in die twintigste eeu 'n grootskaalse afbraak en opruiming gehou en die hele wêreld het daarmee 'n ingrypende verandering ondergaan. Die tye het verander en met die tye ook die mense. Dit maak dit vir die teenswoordige geslag so moeilik om 'n juiste beeld te vorm van die toestande wat daar een of twee geslagte terug geheers het. Hierdeur verdwyn die gedagtenis van baie mense wat nog kortgelede aktief was en hulle bydrae gelewer het tot die opbou van hulle omgewing veels te gou. As hulle nie heeltemal vergeet word nie, word hulle legendariese figure. Dit geld ook op kerkelike gebied. Van manne wat as dit ware nog gister pilare in die kerk was, word vandag nog alleen die name geken. En tog lees ons nog steeds die vermaning in die Skrif om die voorgangers wat daar nie meer is nie, nie te vergeet nie. Op een van sulke voorgangers wil ons hier die aandag vestig, een van die stilles in die land, een van die getroues waarvan die Psalmis sê dat hulle getal nie

---

31) Vgl. A. S. Geyser, Die Geslagsregister van Jesus Christus, Pretoria, 1946, bls. 201vv.

groot is nie. Dit is ds. Pieter van Drimmelen. Tydens sy lewe op aarde het hy nie die aandag van die groot menigte getrek nie. Hy het stil sy gang gegaan, eenvoudig en opreg.

Pieter van Drimmelen is op 9 November 1873 te Tegal op Java gebore. Sy ouers was welgestelde mense en het in die tagtiger jare na Holland teruggekeer en het hulle in Rotterdam gevestig waar hy die laere skool deurgegaan het en in 1887 op die Erasmiaanse Gimnasium geplaas is om hom vir die studie aan die Universiteit voor te berei. Hy wou predikant word wat hom „een zaak des harten" was. Met trou en toewyding het hy ook Sondagskool-onderwys gegee. Sy ouers was blykbaar van streng ortodokse rigting, geesverwante van ds. H. Malcomesius, predikant van die Hervormde gemeente van Rotterdam wat in 1886 byna met die doleansie-beweging van dr. A. Kuyper saamgegaan het.[1]) Pieter het hom meer aangetrokke gevoel tot ds. S. Ulfers wat in 1888 predikant van die Hervormde gemeente Rotterdam geword het, die bekende skrywer van *Oostloorn*, die drie bundels stigtelike lektuur *Van Eeuwige Dingen* en nog meer ander geskrifte. Ds. Ulfers is in 1886, toe hy nog predikant van Oldenmark was, deur Jhr. dr. G. Beelearts van Blokland die beroep na Pretoria, Middelburg en Standerton aangebied. Toe hy dit bedank het, is ds. M. J. Goddefroy beroep. Die ouers van Pieter van Drimmelen was egter met hul geldelike sake nie voorspoedig nie. Hulle het hul geld verloor o.a. deur die vergaan van 'n skip. Pieter wat intussen in die vyfde d.w.s. op een na die hoogste klas van die gimnasium was en 'n jaar later na die universiteit kon gaan, moes nou van die inrigting weg gaan om te gaan werk, en het sodoende in die pos- en telegraafkantoor begin. Nou dat hy nie meer predikant kon word nie, wou hy probeer om onderwyesr te word. Toe daar in 1894 deur middel van advertensies in die dagblaaie onderwysers vir Transvaal gesoek is, het hy ook aansoek gedoen en ds. S. Ulfers het hom die volgende aanbeveling gegee:

> Van Drimmelen is gymnasiast, en heeft altijd de bedoeling gehad om predikant te worden, wat bij hem bepaald een zaak des harten is. Een ernstige, geloovige man, die niet als andere jongens van zijn leeftijd, aan dwaasheden zich overgeeft, maar werkelijk zijn Heer en Heiland wil dienen, en die dat hier ook reeds deed door Zondags op de Zondagschool te onderwijzen. Ik ken hem sedert eenige jaren, en hij heeft mij altijd aangetrokken door zijn trouw en eerlijk karakter, waar nog bij komt een volharding en doorzettendheid, zooals ik zelden gezien heb, en zooals hem wel te pas zal komen in zijn moeilijke leven, ook als hij het geluk mocht hebben in de Transvaal aangesteld te worden.

---

[1]) Dr. C. Veltenaar: De Doleantie te Maassluis en elders een tijdelijke breuk (Maassluis 1918), bls. 6 en 7.

Zijn bedoeling met deze sollicitatie is: zijn vader te verlichten van de zorgen voor zijn verdere opvoeding, en zoo mogelijk den ouden man in zijn andere zorgen behulpzaam te mogen worden. En bovendien: om zoodoende, — als hij namelijk nu niet verder studeert voor predikant — niemand te behoeven lastig te vallen met verzoek om ondersteuning voor zijn studie. Terwijl ik bovendien vast geloof, dat er in hem veel van een onderwijzer steekt. Naar zijn karakter, naar zijn doorzettendheid, naar zijn soberheid, naar zijn Christelijke beginselen, naar zijn Gereformeerde richting, naar zijn eerlijke oprechtheid geloof ik wel *naar mijn bescheiden meening,* dat hij in de Transvaal als onderwijzer op zijn plaats zou zijn.

Sy applikasie het geslaag en in Maart 1895 het hy na Transvaal vertrek en in Mei van dieselfde jaar het hy onderwyser geword in die wyk Elandsrivier distrik Pretoria, eers op die plaas Klipfontein, toe Hartebeestfontein en daarna op Gemsbokfontein. Met die Jameson-inval het hy hom vir kommandodiens aangebied wat as gevolg gehad het dat hy op 24 September 1897 as staatsburger van die Suid-Afrikaanse Republiek genaturaliseer is. In Maart 1898 het hy met goeie gevolg die onderwyserseksamen derde klas afgelê.

Van Drimmelen se ideaal om predikant te word het egter gebly en toe die Algemene Kerkvergadering in Januarie 1899 besluit het om 'n opleiding van predikante in die lewe te roep en van staatsweë die oprigting van 'n Universiteit in die vooruitsig gestel is, het hy hom dadelik as leerling van die Staatsgimnasium te Pretoria, waarvan dr. H. Reinink die Rektor was, laat in skryf en is hy in die sesde of hoogste klas geplaas. Aan die einde van die jaar het hy sy einddiploma behaal waarmee hy aan 'n Universiteit, hetsy die wat in Pretoria opgerig moes word, of in Holland, toegelaat kon word. Die vereistes vir Grieks, Latyn en moderne tale was op hoë peil, en hy was goed toegerus. Maar die Universiteit in Pretoria is nie opgerig nie; die oorlog wat in Oktober 1899 uitgebreek het, het dit verhinder.

Van Drimmelen het as getroue burger van die land hom by die kommando's gevoeg. Opregtheid en trou was twee kenmerkende karaktertrekke van hom. Toe die oorlog verby was, het hy heeltemal niks gehad nie, niks behalwe sy diploma van die eindeksamen van die Gimnasium en sy goeie naam nie. Maar as man van geloof het hy besluit om na Nederland te gaan om vir predikant te studeer. Sy generaal, onder wie hy laastelik gedien het, het hom toe die volgende getuigskrif gegee wat nog voorhande is:

*Certificaat.*

Ik ondergeteekende certificeert mits dezen dat Burger P. v. Drimmelen gedurende deze oorlog onder mijn Afdeeling Gene-

raalschap heb dienst gedaan, en dat hij zijne plichten uitstekend best heeft gedaan, en dat hij zeer getrouw was geweest aan de gewezen Regeering der Z.A.R. Ook certificeer ik dat bovengenoemde te zamen met de Regeering zijne wapens heeft afgegeven aan Zijne M. Regeering.

Gecertifiseert door mij

C. J. BRITS,

Ex Asst. Comt. Generaal der Z.A.R. geweest.

Standerton, 26 Junie '02.

Gezien

LOUIS BOTHA.

Toe hy in Nederland aangekom het, is hom van die bestuur van die „Taalfonds tot behoud en bevordering van het Hollandsch als volkstaal van Zuid-Afrika" 'n beurs van £50 per jaar toegeken, en in Junie 1903 het die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Hervormde Kerk te Pretoria op aandrang van die altyd wakkere ds. Jac. van Belkum besluit om 'n fonds op te rig uit die saamstorting van die kollektes by die dankseggingsdienste na die Avondmaal, en daaruit Van Drimmelen verder te help, op voorwaarde dat hy predikant by die Ned. Hervormde Kerk in Suid-Afrika sou word.

Van Drimmelen het hard gestudeer. Hy kon ook nie anders nie, want toe hy student geword het was hy reeds byna nege-en-twintig jaar oud, en hy het geen geld gehad nie. Sy professore onder wie hy aan die Ryksuniversiteit van Utrecht gestudeer het, was in die fakulteit van Lettere: professore Houtsma, Muller en Van der Wyck; en sy teologiese professore was J. J. P. Valeton, J. M. S. Baljon, S. D. van Veen, H. Visscher, T. Cannegieter en F. E. Daubanton. In later jare toe skrywer hiervan self in Utrecht gestudeer het, het professor Daubanton meermale met waardering oor Van Drimmelen gepraat. Hy het 8 November 1906 sy proponenteksamen voor die Provinsiaal Kerkbestuur van Noord-Brabant en Limburg afgelê waardeur hy beroepbaar gestel is in die Nederlands Hervormde Kerk. Nadat hy met mej. M. Gastman in die huwelik bevestig is, het hy na Suid-Afrika vertrek en reeds op 26 November, dus nog vóór hy in Transvaal aangekom het, het die kerkraad van Marico hom beroep, en op 9 Maart 1907 is hy te Zeerust deur ds. Jac. van Belkum bevestig, terwyl ds. A. Murray van Rustenburg ook aan die hand-oplegging deel geneem het. Hy het in Zeerust gebly totdat hy 'n beroep na Zoutpansberg en Waterberg aangeneem het en op 9 Januarie 1916 te Pietersburg bevestig is.

Een van die groot betekenisse wat ds. Van Drimmelen gehad het was die besoek wat hy in 1910 aan Humpata gebring het en die stigting van die Gemeente daar. Hy het meerdere male daarheen gegaan en

meerdere gemeentes gestig. Die laaste keer was in 1918. Van hierdie besoek het hy nie meer terug gekom nie. Hy is op 25 Februarie 1919 te Lulanga oorlede. In opdrag van die kerkraad daar het oud-ouderling A. Alberts 'n „verslag van zijn laatste reis naar en overlijden en begrafenis in Humpata" opgestel wat as *In Memoriam* in brosjure-vorm deur ds. Jac. van Belkum uitgegee is. As aandenking aan hom is een van die gemeentes in Suid-Wes *Van Drimmelen* genoem. Sy trou, opregtheid en godsvrug het 'n diepe indruk nagelaat.

S. P. ENGELBRECHT.